# KIES DIE REGTE GIDS VIR MY LEWE

## Kies Jou Toekoms – Deel 2

**Louis Du Piesanie 30/09/2018**

**Johannes 16:7, 13 (NLV) "Laat Ek julle egter die waarheid vertel: Dit is tot julle voordeel dat Ek weggaan, want as Ek nie weggaan nie, sal die Raadgewer, die Heilige Gees, nie na julle toe kom nie. As Ek egter weggaan, sal Ek die Raadgewer na julle toe stuur. Wanneer Hy ook al kom, die Gees van die waarheid, sal Hy julle begelei in die volle waarheid."**

**Johannes 14:16-17 (NLV) "En Ek sal die Vader vra en Hy sal vir julle 'n ander Raadgewer (Helper) stuur om vir altyd by julle te wees; dit is die Gees van die waarheid. Die wêreld is nie in staat om Hom te ontvang nie omdat hy Hom nie sien of ken nie. Julle ken Hom egter, omdat Hy by julle gaan bly en in julle sal woon."**

**1. MANIERE WAAROP DIE HEILIGE GEES JOU ELKE DAG WIL HELP:**

**1.1.** Hy wil ons help om te weet wat ons moet weet.

**Johannes 16:13 (NLV) "Wanneer Hy ook al kom, die Gees van die waarheid, sal Hy julle begelei in die volle waarheid."**

**Lukas 2:26 (NLV) "Die Heilige Gees het aan hom (Simeon) bekendgemaak…"**

**1.2.** Hy wil ons help om te gaan waar ons moet gaan.

**Lukas 2:27 (NLV) "Daardie dag het die Gees hom na die tempel toe gelei."**

**Handelinge 8:29 (AFR83) "Toe sê die Gees vir Filippus: "Gaan loop saam met daardie wa."**

**1.3.** Hy wil ons help om die regte ding te sê.

**Markus 12:36 (NLV) "Dawid het tog self deur die Heilige Gees gesê..."**

**Matteus 10:19-20 (DB) "…Julle hoef nie te wonder oor hoe julle julle gaan verdedig nie. God gaan julle verdedig. Wie weet beter as Hy wat om te sê? Wanneer julle beurt dus kom om iets te sê, sal die regte woorde wel daar wees. Dit sal nie julle woorde wees nie; die Gees van julle Vader sal self vir julle elke woord gee wat nodig is."**

**1.4.** Hy wil ons help om te wag vir God se perfekte tyd.

**1.5.** Hy wil ons help om goed teen te staan wat ons moet teenstaan .

**Galasiërs 5:17-18 (AFR83) "Wat ons sondige natuur begeer, is in stryd met wat die Gees wil, en wat die Gees wil, is in stryd met wat ons sondige natuur begeer. Hierdie twee staan lynreg teenoor mekaar, en daarom kan julle nie doen wat julle graag wil nie. Maar as julle julle deur die Gees laat lei, staan julle nie meer onder die wet nie."**

**1.6.** Hy wil ons help om gevare en foute te vermy.

**Handelinge 21:4 (ABA) "… Hulle het vir Paulus gesê die Heilige Gees het gesê hy moenie na Jerusalem gaan nie."**

## 2. HOE LEI DIE HEILIGE GEES 'N MENS?

**2.1.** Deur die betekenis van wat God sê te onthul.

**1 Korintiërs 2:14 (AFR83) "Die mens wat nie die Gees van God het nie, aanvaar nie die dinge van die Gees van God nie. Vir hom is dit onsin. Hy kan dit ook nie verstaan nie, omdat dit geestelik beoordeel moet word. ."**

**Johannes 15:26 (DB) "Maar Ek gaan vir julle 'n spesiale Helper stuur wat van my Vader self af kom. Dit is die Heilige Gees en daar is geen ander Gees soos Hy nie. Dit is die ware Gees wat ook die waarheid goed ken. Hierdie Gees sal alles kom beklemtoon wat Ek gesê en gedoen het."**

**2.2.** Deur ons te herinner aan wat Hy gesê het.

**Johannes 14:26 (DB) "Later sal my Vader vir julle julle spesiale Helper, die Heilige Gees, stuur. Hy sal namens My kom en sorg dat julle alles goed sal onthou wat Ek vir julle gesê het."**

**2.3.** Deur dit aan ons te bevestig.

**Romeine 8:16 (DB) "Die Gees oortuig ons diep in ons binneste dat ons regtig God se kinders is."**

## 3. STAPPE OM GELEI TE WORD:

**3.1.** Stop en raak stil.

**Psalm 37:7 (NLV) "Wees stil in die Here, en wag geduldig op Hom."**

**Jesaja 30:15 (AFR83) "Julle krag lê in stil wees en vertroue hê."**

**3.2.** Vra Heilige Gees, met nederigheid, om jou te lei.

**Psalm 25:9 (DB) "Mag Hy die nederiges op die regte weg lei, en vir dié wat beskeie is, sy pad leer.."**

**Psalm 27:11 (DB) "Here, vat my hand. Lei my op 'n pad waar daar nie slaggate is nie."**

**3.3.** Wees gewillig om te doen wat Hy sê.

**Johannes 7:17 (NLV) "As iemand gewillig is om God se wil te doen, sal hy weet of dié onderrig van God afkomstig is en of Ek uit my eie praat."**

**3.4.** Vertrou op God se woord.

**Psalm 119:105 (NLV) "U woord is 'n lamp vir my voete en 'n lig op my pad."**

**Psalm 119:133 (NLV) "Rig my treë deur u woord sodat boosheid my nie oorval nie.."**

**3.5.** Daar moet 'n verwagting by jou wees dat Hy jou sal lei.

**Jakobus 1:5-6 (DB) "As julle egter in 'n situasie kom waar julle twyfel oor wat die regte ding is om te doen, gaan vra vir God. Hy sal nie snaaks van julle dink of julle verwyt omdat julle onseker is hoe om vir Hom te leef nie. Hy sal julle eerder help met alles wat julle nodig het. Gaan vra; Hy sal gee. Maar een ding moet julle dan nie doen nie. Moenie twyfel dat God julle regtig sal help nie. Verwag en weet vir seker dat Hy sal help."**

**3.6.** Wag op God se antwoord.

**"Maar God praat op verskillende maniere. Ons kom dit net nie agter nie." Job 33:14 (NLV)**

**GESPREK GITS**

# KIES DIE REGTE GIDS VIR MY LEWE

**KIES JOU TOEKOMS - DEEL 2**

**OPEN MET GEBED. HIERDIE IS SLEGS 'N GITS – KIES DIE PUNTE WAT JY WIL BESPREEK.**

1. Ken jy Heilige Gees, of is Hy net iets wat jy in die Bybel van lees?
2. Ervaar jy dat Heilige Gees met jou praat oor sekere areas in jou lewe?
3. Laat jy toe dat Heilige Gees jou lei in die keuses wat jy maak?